Tekste: Johannes 14: 5-6, 2022; 1 Korintiërs 15: 12-20, 1983; Johannes 5: 23, 1983; Gesang 384.
Fokus teks: Lukas 7: 11-17.
Liedere: Gesang 280: 1-3; VONK 5: 1-2; Gesang 239: 1-2, 4; Gesang 387: 1-3; Gesang 314.

AANKONDIGINGS:

KLOK:

Kom ons raak intensioneel bewus van die teenwoordigheid van God. Ons vra vir Juvan Deysel om een van die vyf kerse te kom doodblaas. Dit is vir ons simbolies van die derde van sewe Lydensweke, wat sal uitloop op die kruisiging van Jesus Christus ~ Goeie Vrydag, 29 Maart 2024.

TOETREDE:

Ons sit ons toetrede met ‘n gebed voort. Ons sing die gebed, Gesang 280: 1-3. Ons word diep stil en word bewus van God se teenwoordigheid ~ Here, Redder, groot en magtig, U oorskou ons lewenspad.

VOTUM:

Jesus sê: “Ek is die weg, die waarheid, en die lewe. Niemand sal by die Vader uitkom behalwe met my hulp nie. As julle my dus ken, sal julle my Vader ook ken. Ja,

van nou af ken julle Hom en sien julle Hom" (Johannes 14: 5-6, 2022).

SEËN:

Genade en vrede vir julle van God ons Vader ... van Jesus Christus, die Here en van die Heilige Gees (Apostoliese seëngroet).

SANG:

VONKK 5: 1-2: Lydenstyd loop uit op die kruisigings van Jesus, Sy dood, Sy graf, Sy opstanding en ons opdrag om dit wêreldwyd te gaan verkondig. VONKK 5: 1-2.

GELOOFSGETUIENIS:

Die Here het opgestaan. Die Here het waarlik opgestaan!

Nikolai Ivanovich Beukharin was 'n leier in die Russiese Kommunistiese Party, volle lid van die Politburo en redakteur van die Sowjet- koerant Pravda. Hy onderneem in 1930 'n reis van Moskou na Kiëf om 'n groot

byeenkoms oor ateïsme toe te spreek. Sy hoofdoel was om die Christendom te verkleineer.

‘n Uur later was sy toespraak verby en het hy opgekyk eb gehoop om die smeulende as van mense se eertydse geloof te sien. Daar het ‘n somber stilte oor die saal gehang. Is daar enige vrae? Het Nikolai geroep. ‘n Doodse stilte, tot een ou man opstaan en stadig na die verhoog begin stap. Hy het langs die kommunistiese leier gaan staan, skouer teen skouer, en die skare van links na regs deurgekyk. Uiteindelik het hy met alles in hom die antieke groetwoorde van die vroeë kerk uitgeroep. ‘n Groet wat goed bekend was aan die Russiese Ortodokse Kerk. Die Here het opgestaan! Soos een man het die skare op hulle voete gekom en teruggebulder: Die Here het waarlik opgestaan!

Nikolai moes die aftog blaas – sy beste argumente het niemand oortuig nie.

Tekste: Johannes 14: 5-6, 2022; 1 Korintiërs 15: 12-20, 1983; Johannes 5: 23, 1983; Gesang 384.
Fokus teks: Lukas 7: 11-17.
Liedere: Gesang 280: 1-3; VONK 5: 1-2; Gesang 239: 1-2, 4; Gesang 387: 1-3; Gesang 314.

TEKS: 1 Korintiërs 15: 12-20, 1983

12 As ons dan verkondig dat Christus uit die dood opgewek
is, hoe kan party van julle nog beweer dat daar geen
opstanding van die dooies is nie? 13 As daar geen
opstanding van die dooies is nie, beteken dit dat Christus
ook nie opgewek is nie. 14 En as Christus nie opgewek is
nie, is ons prediking sonder inhoud en julle geloof ook
sonder inhoud. 15 Verder sou dit beteken dat ons vals
getuienis oor God afgelê het, omdat ons teen God in
getuig het dat Hy Christus opgewek het. As dit dan waar
is dat die dooies nie opgewek word nie, het Hy Christus
ook nie opgewek nie. 16 As die dooies nie opgewek word
nie, is Christus ook nie opgewek nie. 17 En as Christus nie
opgewek is nie, is julle geloof waardeloos en is julle nog
gevange in julle sondes. 18 Dan is ook dié wat in Christus
gesterf het, verlore. 19 As ons net vir hierdie lewe ons hoop
op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste
van alle mense.
20 Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as
eersteling uit dié wat gesterf het.

Tekste: Johannes 14: 5-6, 2022; 1 Korintiërs 15: 12-20, 1983; Johannes 5: 23, 1983; Gesang 384.
Fokus teks: Lukas 7: 11-17.
Liedere: Gesang 280: 1-3; VONK 5: 1-2; Gesang 239: 1-2, 4; Gesang 387: 1-3; Gesang 314.

SKULDBELYDENIS EN GENADE:

Gesang 239: 1-2, 4. Leeg, net met my sondelas, hou ek u verdienste vas. Ek kom om vergewing vra; U het ook my skuld gedra! U, geslaan tot heilsfontein, was my, Heiland, maak my rein! Gesang 239: 1-2, 4.

PREEK:

Ons staan aan die begin van die derde Lydensweek. Ons moes al, met intense nadenke, die lydenstyd aan ons siel voel raak het. Ons gebruik die lydenstyd om na te dink oor Jesus se lyding vir my bevryding. In hierdie tyd kan ons vas om fokus te kry. Ons maak tyd vir gebed, en praat so met God. Uit dankbaarheid kan ons nie anders as om ook gefokus goed te doen aan ander nie. Ook goed te doen aan ons gemeente, God se kerk en die Koninkryk van God.

In ons Skrifgedeelte leer ons by Jesus: Hy sien die nood van mense, hy het medelye met die mense en Hy raak die een in nood aan. Jesus sien, het medelye en raak aan.

Lukas 7: 11-17

[11]Kort daarna het Jesus na 'n dorp met die naam Nain gegaan, [12]en sy dissipels en 'n hele menigte mense is saam met Hom. Toe Hy naby die ingang van die dorp kom, word daar juis 'n dooie uitgedra om begrawe te word. Hy was die enigste seun van sy ma, en sy was 'n weduwee. Byna die hele dorp se mense was saam met haar. [13]Toe die Here haar sien, het Hy haar innig jammer gekry en vir haar gesê: “Moenie huil nie!”

[14]Hy gaan toe nader en vat aan die baar. Die draers gaan staan toe, en Hy sê: “Jongman, Ek sê vir jou, staan op!”

[15]Die dooie het regop gaan sit en begin praat. En Jesus het hom aan sy ma teruggegee.

[16]Almal is met ontsag vervul en het God geprys deur te sê: “'n Groot profeet het onder ons opgestaan,” en “God het na sy volk omgesien.” [17]Die berig oor wat Hy gedoen het, het deur die hele Joodse land en die omliggende gebied versprei.

Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe (Johannes 5: 24, 1983).

Die vertelling van die opwekking van die weduwee van Nain se seun word net hier in Lukas vertel. Geleerdes vermoet Lukas het dié vertelling in die Q-bron gevind. Die Q-bron was moontlik ‘n bron wat deur al die skrywers van die verskillende evangelies gebruik is.

Net Lukas vertel die spesifieke verhaal, ons kan seker almal daaroor wonder. Ons weet Lukas was ‘n mediese dokter en die opwekking van dooies moes vir hom ‘n aangrypende wonderwerk gewees het. Net nog ‘n bewys dat niks vir God onmoontlik is nie ~ Hy kan selfs mense wat dood is, weer lewend maak. Tog, gaan hierdie verhaal oor baie meer as net die opwekking van dooies.

Jesus is op pad na die dorpie Nain. Ons lees in die hele Bybel net hier van die dorpie Nain. Vandag staan die dorpie bekend as Nein. Suid-Wes van Kapernaum, wes

van die Jordaanrivier en reg noord van Jerusalem. Niks en niemand is in die oë van die Here nie goed genoeg nie. Dink bietjie oor die impak hiervan ... in die wêreld se oë kan ons niks en niemand wees nie, maar in God se oë genoeg om sy genade te ontvang ... genoeg om voor aan die kruis te sterf.

In Hebreeus hou die naam verband met groen weivelde, geluk, nageslag of selfs toekoms. ‘n Positiewe naam vir die dorpie, maar op die oomblik ervaar die mense van die dorpie iets heeltemal anders.

‘n Stoet met die liggaam van ‘n jongman kom deur die poort op pad na die rotsgrafte buite die dorp. In daardie tyd het die mense baie respek vir die dooies gehad.

As kind en selfs in my eerste klompie jare as predikant het ek ook iets hiervan ervaar. Wanneer ‘n stoet beweeg het, het die polisie of verkeerspolisie die stoet deur die dorp begelei. Die stoet het by geen kruising gestop nie, uit respek het alle ander beweging tot stilstand gekom en

voorkeur aan die stoet gegee. Mense het gaan stilstaan langs die pad en hulle hoedens afgehaal, motors het van die pad afgetrek. Vandag het ons samelewing net nie meer respek vir die dooies nie, en ek dink dit is bitter jammer so.

Dit was volgens Joodse tradisie baie belangrik om eer aan dooies te bewys. Daarom het ‘n begrafnisstoet dwarsdeur die dorp beweeg en is daar van omstanders verwag om ook daarby aan te sluit. In so ‘n stoet is die liggaam van die dooie op ‘n draagbaar vooruit gedra en het die familie en vriende dit dan gevolg. Hulle het ook nog mense gehuur om hard te loop en huil en sodoende ‘n indruk te gee van hoe groot die smart van die mense was. So ‘n familie het dan vir 30 dae aanhou treur.

Hierdie verhaal, is binne sy eie konteks, nog droewiger as vandag. Hier is ‘n weduwee wat alleen agterbly. Sy het reeds haar man verloor en nou ook nog haar enigste seun.

Die treurendes sou na die begrafnis huis toe gaan en haar eensaam en brandarm agterlaat. In daardie kultuur was ‘n alleen vrou nie finansieel versorg of sosiaal aanvaarbaar nie. Boonop was hulle verstaan op haar gebeure dat dit God se oordeel en straf op haar lewe is.

Sy was boonop seker al oud, te oud om nog kinders te hê. Sy sou waarskynlik ook moeilik weer kon trou. As ‘n familielid nie sou intree en haar help nie, was haar toekoms maar duister. Sy sou ‘n maklike prooi vir bedrieërs word en sy sou tien teen een uiteindelik vir haar kos moes bedel.

Jesus raak aan die draagbaar, dwing dit tot stilstand. Hier leer ons dat Jesus die seer, alleenheid, verlies van ‘n stukkende mens raaksien. Ons daarteenoor is so gefokus op onsself dat ons moeilik die seer, alleenheid en nood van ‘n ander raaksien. Haai jong ek het dit nie eers raakgesien nie! Jesus help ons om te verstaan dat hy ons roep om ander mense en hulle omstandighede raak te sien.

Jesus se sien gaan oor in medelye (omgee). In die kultuur van daardie tyd was medelye (omgee) as ‘n swakheid gesien. Maar Jesus leer anders; medelye (omgee) is deel van die wese van Jesus en dit moet ook deel van die medelye (omgee) van ons bestaan wees.

Jesus raak die dooie aan. Staan op ~ cum (in Hebreeus) ... soos vir die dogtertjie (Talita Cum), soos vir Lazarus, soos vir Oded en die volk Israel ~ staan op en doen iets aan die seer en nood van ander. Hou op met verskonings soek.

Daar in die poort van Nain gee Jesus ‘n voorsmakie, ‘n toekomsperspektief, op wat Hy sou doen vir die mensdom. In hierdie lydenstyd moet ons leer Jesus sien mense raak, voel medelye met hulle en raak hulle lewens aan. As ons ander raaksien, medelye hê en hulle aanraak is ons Jesus volgelinge.

Amen.

Tekste: Johannes 14: 5-6, 2022; 1 Korintiërs 15: 12-20, 1983; Johannes 5: 23, 1983; Gesang 384.
Fokus teks: Lukas 7: 11-17.
Liedere: Gesang 280: 1-3; VONK 5: 1-2; Gesang 239: 1-2, 4; Gesang 387: 1-3; Gesang 314.

GEBED:

SLOTSANG:

Ons sluit af met ‘n lied vir Lydenstyd, Gesang 387: 1-3. O Heer, uit bloed en wonde, uit kruishout haat en hoon blyk duidelik hoe die sonde die liefde ru beloon!. Gesang 387: 1-3.

WEGSENDING:

Jesus, o dink aan my wanneer U, Heer, in u ryk kom. Jesus, o dink aan my wanneer U, Heer, in u ryk kom (Gesang 384).

Amen (Gesang 314).